


**<u>WEEK 1: 27 Mei – 2 Junie (dag 1-7)</u>**

**<u>DAG 1 (27 Mei)</u>**

**Lukas 11:1** "Jesus was êrens op 'n plek besig om te bid. Toe Hy klaar was, sê een van sy dissipels vir Hom: Here, leer ons bid…"

*Ons begin by die oortuiging dat gebed daardie plek is waar God se wêreld en ons wêrelde mekaar ontmoet, daarom is gebed so belangrik vir elke gelowige (en ook vir elke ongelowige).*

**Gebed vir dag 1**: Here leer ons bid…

**<u>DAG 2 (28 Mei)</u>**

**Lukas 11:9-10** "Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word. Elkeen wat vra, ontvang en elkeen wat soek, kry en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word."

*As dit by gebed kom maak dit nie saak hoe lank ons 'n verhouding met die Here het nie, ons is almal beginners, ons bid eintlik as ontdekkings-reisigers, en nie as meesters of kenners nie.*

**Gebed vir dag 2:** "Here, dankie dat ons mag kom en vra en soek en klop en weet dat U luister…

**<u>DAG 3 (29 Mei)</u>**

**Psalm 8:3, 4** "As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het, wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?"

*Gebed wil ons help om ons fokus of perspektief reg te kry. Ons dink elke dag aan baie maniere waarop God ons moet help en dien. Gebed is waar ek die orde kan omkeer en my klein fokus kan begin skuif. "I need the corrective vision of prayer because all day long I lose sight of God's perspective."*

**Gebed vir dag 3:** Gaan staan buite en kyk na die sterre: "Here dankie dat U vir my omgee..."

**<u>DAG 4 (30 Mei)</u>**

**Handelinge 17:27-28** "God het hulle (*ons)* gemaak om Hom te soek... Hy is nie ver van enige een van ons af nie, want deur Hom lewe ons, beweeg ons, bestaan ons."

*Ons bid in die geloof dat ons woorde die gaping tussen die sigbare en onsigbare wêreld oorsteek en ons direk in kontak bring met die God wat ons lewe in sy hande hou.*

**Gebed vir dag 4:** Here dankie dat my lewe en my wêreld vir U saak maak...

**DAG 5 (31 Mei)**

**Johannes 17:9** "Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort."

*Die meeste van die tyd kry ons die rigting van ons gebede verkeerd. Ons begin onder by ons behoeftes en bekommernisse en bring hulle na God toe om God in te lig, asof Hy dit nie reeds weet nie en asof ons sy arm probeer draai. Ons moet aan die ander kant begin, waar ons kan ontdek dat God klaar omgee vir my met al my vrae, probleme en bekommernisse.*

**Gebed vir dag 5:** Here dankie dat U reeds alles van my weet en dat dit U nie afskrik nie...

**DAG 6 (1 Junie)**

**Psalm 46:11** "Wees stil en weet: Ek is die Heer!"

*Dit help om eers te leer om stil te kan raak voor die Here, werklik stil. Stil soos in wanneer ek aandag gee en oplet en weet hier kom 'n antwoord. Dit is in stil word waarin ons leer om ons fokus te begin wegskuif van onsself na 'n God wat weet.*

**Gebed vir dag 6:** Word net eers stil. Gee elke gedagte oor elke saak wat by jou opkom eers vir die Here sonder om enige iets terug te verwag en los dit daar. Raak net stil.

**DAG 7 (2 Junie)**

**Psalm 46:11** "Wees stil en weet: Ek is die Heer!"

*Die Latynse woord vir 'wees stil' is die die woord 'vacate'. In gebed nooi God ons as't ware uit om 'n vakansie (vacation) te vat. Hy nooi ons uit om 'n breek te vat en om Hom toe te laat om God te wees. Ek mag my beperkinge en onvermoë erken aan hierdie Een wat altyd met grace en mercy reageer.*

**Gebed vir dag 7:** Word weer net eers stil. Noem al die goed waaroor jy 'n vakansie wil neem en gee dit net oor vir die Here. Erken dat Hy God is.

**VIR KLEINGROEPE** *(gebruik dieselfde patron van Welcome, Word, Works, Worship as struktuur vir hierdie studie)*

- **Gaan as groep weer saam deur al 7 dae (hierbo) en praat saam oor die volgende:**
  - Hoekom begin ons gebede maklik eers met ons probleme en hoe kan dit ons fokus wegneem van God? Watter impak kan dit op ons verhouding met die Here hê?
  - Wat is daar van hoe en wie God is wat ons maklik in ons gebede mis?
  - Wat is die een ding wat jy in hierdie week leer oor gebed?
  - Watter Skrifgedeelte van hierdie week kan jou hiermee help?
- **Bid nou op die patroon van die 7 dae**, wees spesifiek